Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, July 02, 2023
Page: 16

# Finansiële beplanning is nie hare sny

## Versigtig vir 'bikini-advies' en raad om braaivleisvuur



Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**



**Kies self jou finansiële raadgewer om te voorkom dat jy dalk in 'n duur strik trap.** | FOTO: ISTOCK

Dog nou die dag ek wys vir my vrou (doodonskuldig, glo my) die storie oor die bikini-haarkappers daar op Langebaan ("Bikini-kliënt kry toe meer as 'n knippie", *Rapport*, 18.06).

"Jong, moenie vir jou kom laf hou nie." Met verontwaardiging gesê.

Ek dink nie dit was weens die koue Kaapse winter nie. Maar sy is die een wat my hare knip, die paar wat nog oor is.

Nee wag, kom ons fokus liewer op finansiële beplanning.

En my vraag vandag: Wat is vir jou belangrik in jou finansiële beplanning?

Laat jy jou lei deur foefies? Polisse en spaarplanne in bikini's? Die "ekstras"?

Laat ek dit so stel, as my vrou gaan probeer om vir my 'n haarstyl te sny soos wat ek deesdae op die rugbyveld sien, gaan ek sowaar nie my kop by die deur uit sit nie. Aan selfvertroue kort ek nie, maar ek trek die streep by verspot.

Die punt hier is dat net soos wat ons elkeen ons hare gesny wil hê soos ons wil en deur wie ons wil, net so met finansiële beplanning. Daar is nie een plan wat vir almal pas nie.

Dit is baie maklik om jou om die bos te laat lei deur bikini-advies en te hoop vir "meer as 'n knippie" deur diegene wat produkte aan jou probeer afsmeer, eerder as om omvattende finansiële raad en toepaslike oplossings te bied. Raad en oplossings vir jou spesifieke behoeftes en jou bepaalde doelwitte.

### Kenmerke van bikini-advies

Jy word genader deur 'n produksmous wat vir jou finansiële beplanning wil kom doen. Gewoonlik gratis. Gratis, want hy of sy het min of niks van waarde om te bied nie.

Net die produk wat gesmous word.

Toegedraai in 'n "bikini" om dit meer aantreklik te laat lyk. En hopelik jou aandag af te lei van jou werklike finansiële behoeftes. Soos om ekstra te moet spaar vir aftrede en dan die nuwe motor, of daardie oorsese reis ná aftrede jou hoofdoelwit te maak.

In 'n "bikini" van goedkoper premies.

Wat jy sien lyk heel opwindend, maar wat verberg word, is deurslaggewend.

Jy gaan mettertyd baie duur betaal vir daardie polis. Byvoorbeeld, 'n polis waarmee ons die afgelope week te doene gekry het.

Dit lyk goedkoop, maar die premie styg elke jaar met die inflasiekoers, plus 'n ouderdomsverwante styging van tot 9% per jaar. Tans beteken dit 'n premiestyging van tot 15,5% per jaar. Wie se inkomste styg met 15,5% per jaar?

Dit gaan gou te duur raak. En dan moet jy êrens anders geholpe raak. Dit gaan dan duurder kos omdat jy ouer is.

En verder, ook net as jy dan nog gesond genoeg is om versekering te kan kry.

En die "ekstras"? 'n Kredietkaart, dalk?

Na my mening om jou verder in die skuld in te help. Ek kon nog nooit die sin sien van meer as een kredietkaart, anders as om nog skuld te kan maak nie.

En dan is jy juis iemand wat finansiële leiding nodig het, nie nog 'n kredietkaart nie.

Weet ook dat as jy nie genoeg op daardie kredietkaart bestee nie, jou polispremie kan styg. Regtig, hoe vinnig wíl jy in finansiële ellende beland?

### Kry eerder goeie raad

Voordat ek nou al die probleme en gebreke met finansiële beplanning aan produksmouse toeskryf, wat van die kliënt self?

My volgende vraag: Waar kry jy jou finansiële raad?

Langs die braaivleisvuur? Dis 'n gewilde "finansiële-advies-sentrum". Veral as daar met oorgawe aan die verbruik van die "nat rantsoene" meegedoen word.

Dit maak mos die een meer oortuigend en die ander meer ontvanklik.

Loop lig, want jy kan jou vingers verbrand. Letterlik en finansieel gesproke.

Die uitvloeisel van braaivleisvuur-raad is gewoonlik om van die een na die ander finansiële raadgewer te gaan om 'n sogenaamde tweede opinie te probeer verkry.

My ervaring is dat hierdie tweede opinie gewoonlik maar bloot daarop ingestel is om te hoor wat die persoon wil hoor.

Anders gestel, om bevestiging te soek vir daardie braaivleisvuur-raad.

Daarom dat ek nooit 'n tweede opinie gee nie. Dit is tydmors, het ek gevind.

Ek het dit eendag so aan 'n dokter verduidelik. Hy laat my toe mooi verstaan dat dokters dan tweede opinies gee.

Maar ek staan vas. Praat met jou finansiële raadgewer, sê ek. As jy hom nie vertrou nie, gaan na iemand anders. Dis mos maklik.

Nie so maklik nie, kom die antwoord.

Sy finansiële raadgewer skuld die dokter meer as R4 miljoen. En hy sukkel om sy geld uit hom te kry.

Ek weet nie hoeveel keer ek dit oor die jare al in hierdie rubriek geskryf het nie, maar dit is baie: Kies jy jou finansiële raadgewer; pasop as hy of sy vir jou kies.

'n Laaste voorbeeld van braaivleisvuurtipe raad. Ook toevallig 'n dokter.

Toe ons as voorlopige oorweging voorstel dat van sy beleggings in 'n polis gehou kan word, het hy, sonder om eers behoorlik oor die onderwerp te gesels en die feite te bekom, die verhouding beëindig.

Die rede?

"Julle jaag net kommissie."

Iemand moes met sy kop gesmokkel het. Die skade vir hom?

Hy betaal 50% meer aan belasting op sy beleggingsgroei as wat nodig is.

Nie so slim nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.**

## Hou begrafnispolis uit jou boedel

**Nog raad**

Is jy lid van 'n werkgewer-aftreefonds? Is daar 'n begrafnisvoordeel aan gekoppel?

Jy kan vir jou naasbestaandes baie kopsorge tussen die trane deur voorkom as jy verder lees en dan dadelik iets hieraan gaan doen.

Laat ek net eers iets beklemtoon wat ek al in meer besonderhede in my rubriek Raad met jou rande bespreek het. En dit is dat 'n polis op jou lewe by jou afsterwe as 'n geagte bate in jou boedel ingebring word.

Al het jy die polis aan iemand begunstig, is dit steeds 'n geagte bate in jou boedel en vatbaar vir boedelbelasting.

As dit nie aan iemand begunstig is nie, sal jou testament bepaal hoe daar met die polisgeld gehandel word.

Dieselfde geld jou begrafnispolis of dan die begrafnisvoordeel wat deur jou aftreefonds gebied word.

Boedels kan lank neem om afgehandel te word. En jy moet tog seker intussen begrawe word.

Maak dus, sommer môre nog, by jou aftreefonds seker dat jy 'n begunstigde aanwys op jou begrafnispolis. Dit sal sorg dat jou naasbestaandes geld het – die hele doel met die begrafnisvoordeel, nie waar nie? – om jou te begrawe.

As jy twyfel, gaan maak seker.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.